# Vadersdag: Minute-To-Win-It Speletjies:

## Speletjie 1:

Gholf torings

- 4 Gholf balle

**Hoe om te speel:** Wys vir pappa hy is nie die enigste persoon in die familie wat goed is in gholf nie. In die uitdaging moet jy binne 60 sekondes die 4 balle bo-op mekaar balanseer. Bou 'n toring van gholfballe wat 4 gholfballe hoog is. Voltooi die uitdaging binne 60 sekondes en jy het 'n "hole in one" geslaan.

Vir jonger kinders, maak die gholfballe minder

## Speletjie 2:

Das Gooi

- Houer met dasse

**Hoe om te speel:** Die speletjie is vir 2 spelers. Laat deelnemers 3 meter uitmekaar staan. Een speler staan met albei arms uitgestrek langs sy/haar lyf. Die ander speller moet probeer om mansdasse op sy/haar arms te gooi. Jy mag gooi net soos jy wil, maar jy moet 12 dasse binne 1 minuut of minder op jou spanmaat se arms laat hang.

## Speletjie 3:

Vas gedas

- 6 Dasse

**Stel so op:** Kies 2 deelnemers vir hierdie speletjie, ingesluit is 'n persoon wat 'n das kan bind. Hoe om te speel: Jy sal nooit ten volle geklee wees sonder 'n glimlag nie – behalwe as jy 'n pappa is wat ook 'n das moet aansit. In hierdie uitdaging moet een deelnemer probeer om 6 dasse te bind om sy/haar spanmaat se nek binne 60 sekondes of minder. Voltooi die uitdaging in die tyd gegee en jy sal pappa baie trots maak.

## Speletjie 4:

Kantoor spasie

- 15 Groot boeke

**Hoe om te speel:** Pappa se werk het 'n nuwe kantoorgebou nodig. Kyk of jy hulle kan help deur 'n toring te bou van die boeke. Maak die boeke 5 verdiepings hoog, die eerste 2 boeke moet in hulle lengte geplaas word. Voltooi die taak in 60 sekondes of minder.

## Speletjie 5:

Taai Toring

- 8 Rolle kleeflint
- 1 Langerige stok

**Hoe om te speel:** In die uitdaging moet jy die kleeflint en stok gebruik om 'n toring te bou van kleeflint rolle. Die rolle moet een-een opmekaar gesit word. Voltooi die taak binne 60 sekondes of minder en jy het pappa gehelp om nog iets reg te maak.

Hierdie les is vertaal van die children's ministry deals hulpbron: 10 Fathers day Minute-To-Win-It games by die volgende skakel:

http://childrens-ministry-deals.fetchapp.com/get/7776b97f